# Markvergadering – 18 Jan 2024

**Mielies**

- Die USDA het in hul verslag vrydag die 2023/24 VSA mielie eindvoorraad op 2.162 miljard skepels geskat, wat hoër was as die markverwagting van 2.105 miljard skepels en hoër as die Desember skatting van 2.131 miljard skepels. Die USDA het die 2023/24 wêreld mielie eindvoorraad op 325.22 miljoen ton geskat, wat bo die markverwagting van 313.03 miljoen ton was. Die VSA produksie is op 15,3 miljard skepels geskat, gebaseer op 'n rekord gemiddelde opbrengs van 177,3 skepels/akker. Dit was hoër as die skatting van 15,226 miljard skepels, met 'n gemiddelde opbrengs van 174,90 skepels/akker.

- China se landbou ministerie het sy 2023/2024 mielie produksie skatting effens verhoog tot 11,371 miljard skepels, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in aangeplante akkers. Die ministerie het egter ook sy raming vir China se 2023/24 sojaboon produksie tot 765,7 miljoen skepels verlaag.

- Argentinië se Rosario graanbeurs skat dat die land se 2023/24 mielie oes 59 miljoen ton kan bereik, wat 5,4% bo die groep se vorige projeksie is.

- Volgens AgRural is Brasilië se 1ste mielie oes 5.1% klaar gestroop, verlede jaar die tyd was hulle slegs 4.5% klaar gestroop. Die 2de mielie oes is 0.4% geplant. Hul skat die totale mielie oes op 114.1 miljoen ton.

**Soja**

- Die USDA het in hul verslag die 2023/24 VSA sojaboon eindvoorraad op 280 miljoen skepels geskat, wat ver bo die markverwagting was van 243 miljoen skepels. Die USDA het die 2023/24 wêreld sojaboon eindvoorraad op 114,6 miljoen ton geskat, wat bo die markverwagting van 111,58 miljoen ton was. Die USDA het sy raming vir die 2023 VSA sojaboon produksie verhoog met 35 miljoen skepels tot 4,2 miljard skepels, met 'n gemiddelde opbrengs van 50,6 skepels/akker. Soos met die mielies, was dit bo die gemiddelde verwagting van 4,134 miljard skepels en 49,9 skepels/akker onderskeidelik.

- Die VSA NOPA sojaboon pers syfer vir Desember maand is op 195.328 miljoen skepels gerapporteer, wat 3.3% hoër was as November se syfer en sowat 10% beter as Desember 2022 se syfer van 177.505 miljoen skepels.

- In China het sojaboon invoere vir die eerste keer in drie jaar hoër geneig nadat dit 11,4% hoër was in 2023 met 3,653 miljard skepels. Brasilië en die VSA was verantwoordelik vir die grootste deel van hierdie aankope.

- Argentinië se Rosario graanbeurs skat dat die land se 2023/24 sojaboon produksie met ongeveer 73,5 miljoen skepels verhoog tot 'n nuwe projeksie van 1,911 miljard skepels.

- Volgens AgRural het dele van Brasilië al begin stroop aan hulle 2023/24 bemarkingsjaar se sojaboon oes. Daar word verwag die oes gaan kleiner wees as verlede jaar en word op 150 miljoen ton geskat. Boere is al 2.3% klaar gestroop teenoor 0.6% verlede jaar dieselfde tyd. CONAB skat die oes op 155.3 miljoen ton.

**Koring**

- Die USDA het in hul verslag die 2023/24 VSA koring eindvoorraad op 648 miljoen skepels geskat, wat laer was as die markverwagting van 658 miljoen skepels en laer as die Desember skatting van 659 miljoen skepels. Die USDA het die 2023/24 wêreld koring eindvoorraad op 260,03 miljoen ton geskat, wat hoër was as die markverwagting van 258 miljoen ton.

- Die groep Sovecon skat Rusland het in Desember slegs 3.8 miljoen ton koring uitgevoer, dit is die meeste uitvoere die laaste 3 maadne maar uitvoere het wel oor die afgelope paar maande effens afgeneem.

- Oekraïne het aangekondig die ekstreme koue waardeer die land tans gaan het nie ‘n slegte invloed op die land se winter graan gewasse nie, die land het egter ongeveer 300,000 hektaar minder koring geplant die seisoen.